

KAMMANUUS

Nommer 301

28 Maart 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com



TOULEIER

Doen die dinge wat jy uitstel sommer nou!

Noem my maar vandag sentimenteel en soetsappig, maar so nou en dan kom mens by 'n stopstraat in jou daaglikse omgang met mense en dinge, en dan kry jy kans om so bietjie *stock* te vat van jou lewensvoorraad.

Die stukkie hier onder daag gereeld op in my posbus. Somtyds met klank en prentjies en gewoonlik is ek te besig om dit te lees en val ek juis in die gat waarteen hy waarsku. Maar, soos Retha Kruger tereg noem toe ek haar vra om dit vir ons te vertaal:

"Ja Hennie, die storie is waar vir almal van ons. Net soms kan jy wraggies dit nie voluit doen nie.. ter wille van iets of iemand. Dan behou ons maar die geloof, hoop en liefde en die groter vrede en vreugde kompenseer vir wanneer ons NIE kan dans nie!"

Dans 'n slag deur jou dag!

Te veel mense stel dinge uit wat hul vreugde en genot verskaf.

Ek sit en dink nou die dag oor al daardie mense wat op daardie noodlottige aand op die Titanic was, wat nagereg laat verbygaan het terwille van hul dieet. Begin sommer nou by die poeding!

Hoeveel keer sê ons nie, ons SAL nog teruggaan en by Oupa-hulle gaan kuier.

Ons SAL op ons tweede wittebrood gaan sodra ons kinders klaar studeer het.

Die lewe het 'n manier om vinniger te raak. Die dae word korter. Die lys van selfbeloftes langer. Mens word deesdae wakker en al wat jy het om te wys is 'n elllange wenslys van wat jy nog eendag wil doen.

Ek beplan nog aan... Eendag sal ek.....wanneer alles rustiger raak sal ek afskaal . . .

Kom ons wees vandag soos daardie Carpe Diem-vriend van ons. As mens bel, is sy dadelik oop vir die oomblik, reg vir avontuur en uitstappies. Reg vir nuwe idees.

Haar entoesiasme vir die lewe is aansteeklik. Mens praat vir vyf minute met haar en jy is gereed om jou pynlike voete in rolskaatse te waag of die hysbak vir die trappe of 'n foefieslaaid te verruil!

Ek het maande laas roomys geëet en ek is gek na roomys. Dit maak my te vinnig vet! Jy kan dit netsowel met 'n bottermes direk aan my maag, heupe en dye smeer en die verteringsproses sommer systap.

Maar nou die dag, stop ek op die ingewing van die oomblik en koop sommer 'n driedubbele draairoomystoring! Wel, as my kar daarna 'n ysberg moes tref - dan sou ek gelukkig gesterf het!

Kom nou, begin sommer nou, en gaan hê 'n lekker dag! Doen iets wat jy graag WIL doen...nie iets wat jy BEHOORT te doen nie! Wat ontnem jy jouself? Terwille van wie en van wat?

Het jy al ooit die baldadige dartelingsvlug van 'n skoenlapper oor blomme gevolg, of gekyk hoe die son deur die skemerte oorval word en stadig daarin wegsink?

Het jy kontak verloor met 'n vriend, 'n goeie vriendskap laat wegkwyn?

Wanneer laas net 'n pel gebel net om haai! te sê? Wys jou vriende dat jy omgee. Julle het 'n geskiedenis saam.

Die lewe is nie 'n resies nie, maar 'n reis. Vat dit stadiger. Luister na die musiek voor die lied ophou!

Die lewe is dalk nie die partytjie waarop ons gehoop het nie . . . maar terwyl ons nou hier is, kan ons net sowel dans!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In KENTUCKY moet jy minstens een keer per jaar bad.

In VIRGINIA mag jy nie korrupsie pleeg nie, behalwe as jy 'n politikus is - dan mag jy so korrup wees as wat jy wil.

In PENSILVANIË is dit teen die wet om 'n dollarnoot aan 'n lyn te sit en dit weg te trek as iemand dit probeer optel.



Sjoe, dis loshande die beste preek oor gee wat ek nog gehoor het!

Moewiese Moles by Makro

Die man en vrou het inkopies by Makro gedoen toe hy 'n kis Windhoek Lager in die waentjie sit.

"Wat dink jy doen jy?" vra sy.

"Dis op 'n special - net R100 vir 24," antwoord hy.

"Sit terug. Ons kan dit nie bekostig nie," beveel sy.

'n Rukkie later sit die vrou 'n bottel gesigroom wat R200 kos in die waentjie.

"Wat dink jy doen jy?" vra die man.

"Dis my gesigroom," sê sy. "Dit laat my mooi lyk."

"'n Kis Windhoek laat jou ook mooi lyk, en dit kos helfte van die prys," sê die man.

Konsternasie breek los. Vloerpersoneel storm nader.

Die man weet nou nog nie wat hom getref het nie . . .

Breinboelie


Ek sis soos varkspek. Gemaak van eier is ek. Ene rugraat, maar kort 'n been. Lank soos 'n lat. Ek pas maklik in 'n gat.

Wie is ek?

ANTWOORD AGTERAAN AGTEROS.

Dis lekker in Suid-Afrika!

1. Jy kan halfgedroogde rou vleis eet sonder dat iemand jou skeef kyk.
2. Niks is jou skuld nie, jy kan dit op apartheid blameer.
3. Waar anders kry jy lemoene met 'n 45% alkohol-inhoud by rugbywedstryde?
4. Dis die enigste land waar stakende werkers wys hoe kwaad hulle is deur te dans.
5. Jy kan jou erf se grensmure met doringdraad versier.



Flukse ou enjin

Die hele dorp was op hol toe die 80-jarige man met 'n bruid van 20 trou. 'n Jaar later is hul eerste kind gebore.

Die verpleegster het die ou man in die wagkamer geluk gewens. "Hoe doen jy dit op jou ouderdom?" wou sy weet.

"Ag," het die ou man gesê, "jy moet die ou motor se enjin aan die gang hou!"

'n Jaar later was dit weer sulke tyd, en die ou man het weer gesê jy moet 'n ou motor se enjin aan die gang hou.

Nog 'n jaar later is die egpaar se derde kind gebore.

"Jy is darem ongelooflik!" het die verpleegster hom geluk gewens. "Hoe op aarde kry jy dit reg?"

"Wel," het die ou man geantwoord, "ek het jou mos al gesê 'n mens moet net die ou enjin aan die gang hou!"

Die verpleegster het geglimlag, hom op die rug geklop en gesê: "Wel, ek dink dis tyd dat jy die olie omruil, want hierdie enetjie is swart."

MAXINE SE KRITIEK OP RESEPTE

KENNER



Sit 'n appel in die sak om te verhoed dat aartappels uitloop.



Seldery in aluminium foelie toegedraai sal weke lank hou.



Raat vir hoofpyn: Vat 'n suurlemoen, sny hom middeldeur en vryf dit aan jou voorkop.



Moenie oorskietwyn weggooi nie. Vries dit in blokkies en gebruik vir oondgeregte en souse.



Gebruik liever droë koekmengsel plaas van meelblom in die bakpan. Dan sal daar nie 'n wit gemors aan die koek se buitekant wees nie.

MAXINE



Koop 'n pakkie kapokaartappels en hou dit tot 'n jaar lank op die rak.



Seldery? Nog nooit daarvan gehoor nie.



Vat 'n suurlemoen, meng dit met tequila, gooi ys by en AL jou pyne sal verdwyn.



Oorskietwyn? Is jy nou heeltemal simpel? Halloooo! Wat jy wáár kry?



Moenie laf wees nie. Gaan koop jou koek by die bakkerij – daar is baie van hulle. Hel, hulle sal dit selfs vir jou versier!



Loop lig vir vroue!

Die FBI het 'n sluipmoordenaar gesoek en doen onderhoude met twee mans en 'n vrou.

Vir die laaste toets word een man voor 'n deur gesit en met 'n pistool bewapen.

"As jy die deur oopmaak, sal jy sien jou vrou sit daar. Skiet haar dood," is die opdrag.

"Dit kan en nie doen nie. Ek weier. Hou jul werk," sê die man.

Die tweede man kom aan die beurt, en bly vyf minute lank in die kamer. Toe kom hy met trane in sy oë uit.

"Ek wil graag die werk hê, maar ek kan nie my vrou skiet nie," bieg hy.

Toe is dit die vrou se beurt, en sy kry die instruksie om haar man dood te skiet.

Eers weerklink daar 'n paar skote, gevolg deur die geluid van 'n gekap en gehamer en iemand wat skree. Toe raak dit stil, die deur gaan oop en die vrou kom uit.

"Julle blerrie pistool was met loskruit gelaai," kla sy. "Ek moes die bliksem wurg en met 'n stoel doodslaan!"

DIE LES? Vroue is mal. Moet nooit met hulle skoor soek nie.



Uit die wakis

Die vreemde wiskunde van skaaptel

As daar nou een plek is waar daar 'n getal nie presies hoef te wees nie, is dit wanneer 'n mens by skaaptel kom, glo baie veeboere.

Diegene wat al toegekyk het hoe 'n boer en sy werkers by die skaapkraal, of dalk die afslaer by die veiling, skape tel terwyl hulle drie, vier, vyf by die hek uitstorm – sommige kop omlaag en ander wat hoë bokspronge maak – is maar alte bewus van die "vreemde wiskunde" wat hier ter sprake is.

As so iemand kan kophou en die getalle regkry, ken hy sy storie gewis. Dit is in teenstelling met die uitbeelding van iemand wat aan slaaploosheid ly en wit skape met swart koppe tel wat oor 'n heining spring – kamstig om by wyse van die ritmiese herhaling verveeldheid te induseer om jou aan die slaap te laat val.

As die skape egter by die duisende so in 'n dik stroom by die kraal uitpeul en die manne moet vasstaan om te keer dat die hek oopgebeur word, kan daar dikwels nie ooreengekom word oor die getalle nie.

Maar daaroor lê hulle ook nie wakker nie. Nie verniet dat die boere deesdae spot dat dit nie meer saak maak nie, "... want as die laastes uit die kraal is, het die jakkalse al van die voorstes gevang".

In Australië is skaaptel al lank byna 'n nasionale "boeresport", maar tot 'n klompie jare gelede het dit plaaslik nie veel aandag gekry nie.

Dit was totdat van die plaaslike landbougenootskappe besef het iets soos skeerwedstydies kan bydra om dié onderafdeling van die wolbedryf te versterk. En toe daar begin is om dinge anders te doen, wat dit net 'n kwessie van tyd voordat skaaptel bygekom het.

By die jaarlikse Agri Megaweek in Bredasdorp en die jaarlikse Skaapfees in Colesberg word die kuns van skaaptel sommer nog lekker bedryf.

Verlede jaar is daar by die Agri Megaweek 'n skaaptelwedstydie ter ere van wyle mnr. Jimmy Maritz van BKB gehou. Maritz het skaaptelwedstydies en die kleinveebedryf oor baie jare met sy besondere styl en passie gedien.

Enigeen wat 4,5 skape per sekonde kan tel, kon hulself as skaaptellers toets met 'n trop van 200 of meer skape. Die deelnemers kon meeding om die titel SA Bobaas-skaapteller.

Colesberg het selfs al verder gegaan toe die eerste "wêreld-skaaptelkampioenskap" op die Skaapfees aangebied is.

Die status daarvoor is ontleen aan die deelname van die Australiër mnr. Malcolm Davies, wat die wêreldkampioen in skaaptel was en teen Suid-Afrikaanse skaaptellers kom meeding het. Die metodes wat ingespan word om skaap te tel, is legio, het Landbouurger al voorheen berig.

Die eeue se wetenskaplike hieroor is opgeteken en navorsers aan verskeie Britse universiteite het dit bestudeer om te sien watter toepaslikhede hierdie beskeie bydraes van boere en skaapwagters op ander gebiede kan hê.



Burgers van die Berge kan ook treur

Dit lyk dalk nie so wanneer hulle rustig in die son sit en Vlooi soek nie, maar bobbejane raak ook gespanne en rou selfs as een van hul familieleden vrek. Só het 'n span Amerikaanse navorsers in Botswana bevind. Sover bekend het hul navorsing vir die eerste keer bewyse gelewer dat kесе, spesifiek die wyfies, rou. Hul hormoonvlakke skiet dan die hoogte in.

Die bevindings is grootliks geskoei op Sylvia, 'n 23-jarige wyfie van die Okavangodelta. Sy is een van die meer senior wyfies in die trop en het min ooghare vir die ander gehad, behalwe vir haar dogter, Sierra, wat haar versorgingsmaat was en ure lank haar hare sit en krap het.

Toe 'n leeu Sierra doodbyt, het Sylvia ure lank net vir haar voete gesit en staar en lusteloos rondgedwaal. Twee weke later het sy by die ander wyfies begin aandag soek met wie sy vroeër onvriendelik was.

Haar hormoonvlakke, wat die hoogte ingeskiet het, het ook weer begin daal.



Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com

JULIUS SOEK JOB

Onderhoudvoerder: "En wat is jou hoogste kwalifikasie?"

Julius: "Ek het 'n Ph.d, meneer!"

Onderhoudvoerder: "En waarvoor staan dit?"

Julius: "Passed High school with Difficulty."

JULIUS-TEORIE:

Op die vraag wat die belangrikste is - die maan of die son:

"Die maan is belangriker as die son. Die maan gee snags lig wanneer dit donker is. Die son gee bedags lig wanneer dit nie nodig is nie."



Vraag: "Wat is die verskil tussen 'n donderstorm en 'n spoedlokal?" **Antwoord:** "In 'n donderstorm kan jy die bliksem sien."

VIOOLLES

Jannie was besig met sy vioolles, en Wagter het aanhoudend saamgetjank.

Pa: "Jannie, speel nou asseblief 'n slag iets wat die hond nie ken nie."

WINDJIE?

Paul en André ry in die hyser. André snuif die lug. "Het jy 'n wind gelos?" vra hy.

"Natuurlik," sê Paul. "Dink jy ek ruik altyd so?"

RUSSIESE HUMOR

Bresnjef kom aan die Ander Kant en die Duiwel sê hy moet sy straf kies. Hulle stap verby sondaars wat in panne olie brand.

"Neeee, nie vir my nie," sê Bresnjef.

Hulle stap verby sondaars wat met brandende swepe geslaan word.

"Neeee, tog nie dit nie!"

Toe kom hulle in 'n kamer waar Chroestsjof besig is om seks met Brigitte Bardot te hê.

"Jaaaa!" sê Bresnjef. "Dis wat ek wil doen!"

"Moenie laf wees nie," sê die Duiwel. "Dit is Bardot, besig om háár straf uit te dien!"

NOODGEVAL

Twee ou tantes wat mekaar lanklaas gesien het ontmoet in die parkie en begin om in te haal op al die dinge wat intussen met hulle gebeur het - die kleinkinders, wie getroud is, al hul kwinte en kwale en so aan.

Ná 'n ruk vra die een hoe dit nog met Ben gaan.

"Het jy nie geweet nie? Ben is verlede maand oorlede," antwoord die een.


"Oorlede? Wat het gebeur?"

"Wel, hy het vroeg opgestaan om vir ons 'n vars koolkop vir die middagmaal in die tuin te pluk. Toe kry hy 'n hartaanval en hy is net daar dood."

"Goeiste! En wat doen jy toe?"

"Wel," antwoord die eerste tante, "wat kón ek doen? Ek het toe maar 'n blikkie ertjies ooggemaak."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #4

VLEIS VETKOEKIES

1 ½ k gaar boudvleis opgesny.(of gaar maalvleis)

1 eier

1 ¼ k melk

2 e gekapte vars pietersielie

1 t Worcestershire sous

1½ k meel

1 t bakpoeier

Sout en rooi peper na smaak.

Meng vleis, eier, melk, pietersielie, sout en peper en die Worcestershire sous.

Voeg meel by en laaste die bakpoeier.

Meng goed, bak lepelsvol in warm vet of olie.

HEERLIKE GEBAKTE HOENDERDIS

1 hoender

2 Knoffel huisies fyngedruk

2 e koekmeel

Sout en peper

2 groot uie gerasper

1 soet rissie fyn gekerf

1 blikkie fyngekerfde sampioene

1 klein blikkie tamatie puree

2 e Worcestershire sous

1 e olie

1 e suiker

Sny die hoender in porsies. Geur met sout en peper na smaak. Plaas in oondskottel en bak in oond.

Meng die res van die bestanddele in 'n diep pan bo op die stoof, verhit tot kookpunt, roer tot verdikte sous. Haal die hoender uit oond en gooi die sous bo oor. Plaas terug in oond en laat die hoender verder in die oond bak tot gaar.

Die Volledige BEDANKINGSLYS sal na afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-Boekformaat beskikbaar gestel word. Die wat egter nie tot dan kan wag nie: Kry jou KAMMANUUS!

Groetnis

Retha

STAMBOOM

Waar pas jy in?

BUTLER tdswanepoel@vodamail.co.za

My pa was Thomas Edwin Butler. Hy was getroud met Daphne Hazel Berg, gebore 17 Junie 1922. Ek dink my pa is oorlede in 1951 in Germiston.

PEACH ymn@adelphia.net

Op soek na meer inligting oor George Peach. Hy het moontlik 'n broer gehad wat hulle Phil genoem het. Vermoedelik was sy een kind Petronella Helena Peach gebore 1855, getroud met Jacob Francois Möller.

SCHEEPERS scheeped@apsap.co.za

My oupa Scheepers was Jacobus Frederick Johannes, getroud met Elizabeth Heibrecht v.d. Westhuizen en my oupa van Niekerk was Hendrik Francois en was getroud met Hendrina Wilhelmina Fourie. Hulle is almal op Wolmaranstad begrawe. Sal graag 'n stamboom of inligting van beide Scheepers en Van Niekerk wou hê. Bel my ook op 082-774-3086 en ek sal u terugskakel.

TAUTE dalene@calvary.co.za

Ek is al meer as 12 jaar besig om die Taute-stamboom saam te stel. Ek is voordurig besig om dit op datum te bring en nuwe inligting en foto's te bekom. Sover het ek die geskiedenis, met behulp van ander, teruggevolg na 1335. Alle Tautes en hulle nageslag, manlik en vroulik, kontak my asseblief!

VAN DEN BERG annelienharmse@gmail.com

My pa is Andries Petrus van den Berg gebore 18/01/1936. Ek is op soek na inligting van sy pa en ma. My biologiese ma is Madelein Swanepoel. Dit was die laaste inligting wat ek van haar het. Sy was laas in 2007 in Vereeniging se omgewing.

Kom vier 'n vakansiedag in Duskantland – daar's baie!

CHARLIE ELS het vir ons hierdie opsommende en vertolkende kykie op Suid-Afrika se vakansiedae gestuur. Hy skryf:

Verlede week was **Human Rights Day** hier by ons. Dan vier ons die feit dat wit mense met regstellende aksie, BEE, ensovoorts, nie meer volle menseregte hier het nie.

Op **Workers Day** (1 Mei) vier ons dit dat die bediendes nou baas is en nie meer hoef te werk nie.

Op **Family Day** (25 April) bly ons by die huis en maak nog 'n kind vir die familie en hoop maar die Liewe Vader sal vir hom sorg.

Op **Freedom Day** (27 April) vier ons die feit dat misdadigers nou vry is om te maak net wat hulle wil.

Op **Youth Day** (16 Junie) herdenk ons die dag toe die swart jeug die skole afgebrand het en die feit dat hulle nou nog voortgaan om busse, treine en alles wat reeds sukkel om te werk, te verbrand sodat dit glad nie meer werk nie.

Op **National Women's Day** (9 Augustus) vier ons dit dat daar nie 'n "National Men's Day" is nie; f-k mans!

Op **Heritage Day** (24 September) vertrap ons die Afrikaner-erfenis en vier ons die feit dat daar nie juis 'n swart erfenis is nie. Die grootste erfenis is die nuttige woord "Apartheid" wat altyd blameer kan word vir alles.

Op **Day of the Reconciliation** (16 Desember) hou die politici opruiende toespra-ke en kots op die plaaslike blankes, die DA, Inkatha Freedom Party, ens., en sommer ook op Amerika, Engeland, kolonialiste en alles wat Eurosentries is (al ry hulle almal duur Europese motors en is mal oor die Europese spel sokker - wat hulle glad nie kan speel nie).

Dan sluit ons af met **Day of Goodwill** (26 Desember). Goodwill? Wat jy waar kry? Nee, man, dis die Zoeloe Koning, Goodwill Zwelithini, se verjaarsdag!

Dan's daar's nog die gewone tradisionele vakansiedae ook, soos Christmas (25 Desember) wanneer ons Christus 'n mis gee en feesvier tydens Santa (Let wel dit spel ook Satan) se jaarlikse wederkoms wat die Joodse eienaars van die winkels skatryk maak (hulle se mos hulle sing agterna, as hulle die geld tel: "What a friend we have in Jesus").

Daar's ook **Goeie Vrydag** (22 April) wanneer ons, ons regmaak en tjoklit eiers en hasies koop vir ons volgende heidense fees, **Paasfees**. Wie ook al die dag **Goeie Vrydag** gedoop het, het seker nie gewerk nie want anders sou hy geweet het vir 'n werker is elke Vrydag Goeie Vrydag want dan is die werkswaek verby en dis naweek.

En as die jaar verby is begin ons van voor af by **Nuwejaarsdag** (1 Januarie) wanneer die volgende onsekere jaar begin.

Maar my gunsteling is **2 Mei** wat bloot bekend staan as **Public Holiday**. Toe het hulle nou wragtig nie meer geweet wat om te vier nie, hulle wou net nie gaan werk nie.

Hoop julle het iets geleer?

(Hulle sê mos in Duskantland moet jy 'n Maleier wees wat vir 'n Joodse baas werk, dan het jy sommer niog twee maande vakansie!)

Ek het dit oorweeg om 'n ateïs te word, maar ek het daarteen besluit. Hulle het nie vakansiedae nie.

- Henry Youngman (1906-1998)

'n Langnaweek sonder 'n gesin of familie is soos om 'n trui met drie moue aan te trek.

- Pamela Ribon

Vakansiedae is 'n duur toets vir jou deursettingsvermoë. Die enigste vreugde is nadat jy dit oorleef het.

- Jonathan Miller



POSKOETS

Kammanuus se lesers gesels

Jy kon sien wie luister na Fanus!

Hannes Smith skryf:

Hier volg 'n dingetjie wat Fanus kwytgeraak het in sy fleur, so rondom 1963.

Fanus: "Aai mense het ek verlede nag 'n lekker droom gehad. Ek droom mos ek besit 'n groot bosveld beesplaas, groot plaashuis, die mooiste ryperde en duisende opregte Afrikanerbeeste".

Hierna gaan hy aan met ander storiëtjies en kom tien minute later met die opvolg: "Toe ek wakker skrik was alles net 'n droom, al wat ek oorgehou het was 'n horing in my hand"

Hy was natuurlik weer, soos so dikwels tevore, vir 'n paar dae geskors.

Terloops, ek het grootgeword saam met Freddie Wooldridge, die speler en ek dink ook die komponis van Fanus se Penniefluitjie Kwêla-kenwysie, en onthou hoe hy met sy instrumente op hulle stoep ge oefen het. Hy was bekend vir sy blaasinstrumente spel. Ons het hom Bebbie genoem, en hy het sy musiek baie ernstig opgeneem, het selde saamgedoen as ons klomp bok-bok speel of saam met die meisies wegkruipertjie gespeel het.

Daar was destyds baie manne wat musiek gemaak het in Krugersdorp, en die meeste van hulle het later bekend geraak en in Afrikaanse radioprogramme opgetree, nog 'n bekende was die uitstekende kitaarspeler Ricardo Bornmann, (Riekie) die Van Niekerk broers, een van hulle was nogal sweet op my suster Ria, maar sy het net van Jurie Ferreira gedroom, en miskien van Gene Autry. Oorkant ons het die Von Benekes boeremusiek gemaak dat die bure moes gaan kla.

Hier in 1963 rond het ek 'n kursus in Pretoria geloop en elke dag vir 'n jaar lank die ou smal paadjie vanaf Krugersdorp moes ry oor Muldersdrif, 'n pure nagmerrie was dit. Gelukkig was die paaie stiller as vandag, en hoewel nog nie snelpaaie nie kon mens nogal vinnig ry tot omtrent by die Sesmylspruit waar mens inkom op die Johannesburg -Pretoria pad waar die verkeer begin opbou het.

Jy kon aan die bestuurders se gesigsuitdrukking sien wie luister Fanus. Veral by verkeersligte het die ouens vir mekaar geglimlag en soms hardop gelag vir een van sy kwinkslae.

(Ja, en Ricardo is weer die seun van die konsertinaspeler oom Kerrie Bornman, en het talle opnames saam met sy pa gemaak. – Hennie)

Veilig in Japan

Mickey Ritter het dié brief van sy skoonseun aangestuur:

Ons is veilig hier in die Kansai area, wes van die rampgebied. Ek het Vrydag om 2:46 nm die skudding in my kantoor gevoel... eers gedink iets is fisies fout met my toe alles rondom my begin wieg, maar weet toe dis 'n aardbewing toe die kennisgewingbord teen my kantoomuur ritnies teen die muur begin kap.

Geen skade in ons area nie, maar van daardie tyd af ontvou die baie traumatiese toneel voor ons van wat in die Tohoku-streek gebeur het en steeds gebeur.

Dis buite bereik van woorde om regtig die volle impak van die ramp te omskryf. Ons neem aan baie van julle volg dit op media soos CNN, maar hier in Japan rapporteer die TV stasies in baie meer persoonlike detail en sien ons tonele wat 'n mens aan die hart ruk.

Ek het vandag by die kerk gehoor van 'n vrou wat ingeboek was om Vrydag 'n spesiaal ver behandeling te ontvang by 'n hospitaal net noord van Sendai. Sy het Donderdag-aand haar afspraak gekanselleer omdat haar seun Vrydag Osaka toe kom vir 'n spesiale naweek af. (Hy is in 'n koshuis in 'n ander stad.) Die hospitaal is naby die kus... sy kon sedertdien geen kontak met die hospitaal maak nie, en het gehoor daardie area is ook deur die tsunami getref.

Van die polisie-bronne noem nou dat die dodesyfer ten minste tot 10,000 gaan styg... net in een provinsie! Ons het gisteraand die toneel gesien van 'n dorp waar net die vyfverdieping hospitaal bly staan het.... alles rondom is totaal verwoes en weggespoel. Die water het tot by die vierde verdieping van die hospitaal gekom! Op die dak was pasiente, dokters en verpleegsters sigbaar.

Die hele krisis rondom die beskadigde kernreaktors is ook steeds aan die ontwikkel en ons sal moet wag en sien wat gaan gebeur.



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Pappa hou hom dapper

Hy skiet 'n kat net daar oor die reling. Nou weet ek, my twak is uitgeknip en afgerol vir my.

Ek is 'n pa. Soms moet ek my soos 'n pa gedra. In die ou dae was dit albasters, tolle en ketties. Dinge het verander. So twee weke gelede fluister die twee stoutgat buurkinders oorkant die straat mos die woorde "GOLD REEF CITY" vir my laaitie. Nou wat kan 'n man nou doen? Jy gaan maar GRC toe.

Oukei, so beloer ek mos hulle webwerf. Nananana, lyk heel mak, hier en daar 'n ry en 'n rol of twee. Ek wil in elk geval ook in die myn afgaan. So trek ek my plakkies aan, kam my hare en daar gaan ons, die hele fendemillie.

Ons kom nogal vroeg daar aan. Ek kap manhaftig twee worsbroodjies weg, en 'n halfliter melk, en besluit om maar die pa-seun voeltjies-vleg ding te doen en ry saam met sy eerste rit genaamd die Wegholtrein.

Eers gedink die ding is vir kleuters, tot hy sywaarts ook begin beweeg. Effe ongemaklik gevoel toe ons afklim. Waggel toe maar agter die mannetjie aan na die volgende een. Hoor hom voor ek hom sien. Klink soos 'n Boeing wat land. Toe gewaar ek die groot naambord: Anakonda!

Ek het al gehoor van die goed. Nog net 'n tuinslang van naby gesien. Maar nou ja, eks mos die PA van die huis, dra die broek, issie 'n sissie nie. Ek maak my arms bak, en ek loop fier en regop teen die dekplank op. Ek gaan die donner ry. Wat kan nou eintlik verkeerd gaan?

Eerste fout is die lang tou waarin jy moet wag. Gee jou kans om te sien wat doen die ding aan mense.

Toe hy die tweede keer kom stop, klim daar so 'n jong student af met spiere waar ek voue het. Hy skiet 'n kat net daar oor die reling. Nou weet ek, my twak is uitgeknip en afgerol vir my.

Ons beurt. My klein snotneus trek kleinkoppie, maar ma kyk my uit. Dis hier waar 'n mens maar maak of jy windgat en manlik is. Hou my ken hoog en knyp die boude styf.

'n Mens klim in die ding en maak soos 'n vlermuis, jy hang half onderstebo. Die veiligheidstaaf wil nie oor my hoenderborsie nie, so toe hou ek maar my lyf Ville Valo, en maak myself dun. Haak die belt een gaatjie te styf . . . dink ek.

KLANG KLANG KLANG KLANG . . . en kom ons neuk nie rond nie . . . skielik is ek so bang dat ek 'n nieraanval kry . . . Dan draai die etterse ding en dan MOER HY NA BENEDE MET DIE SPOED VAN DIE HEILIGE FLIPPEN WIT ELAND.

Glo my maar, vergeet van enige kar, bike, vliegtuig of wat ookal jou maatstaf is waarmee jy manlikheid meet, die ding gee gas soos niks wat ek al ooit gevoel het nie. Maar of dit nou nie genoeg is nie, gaan voeter die ding onderstebo met jou. Ek voel daai worsrolletjie hier teen my ribbes. Nee wag, ek voel sy tekstuur, elke enkele veseltjie en grein van hom.

Kêrels, ons kom uit daai eerste draai met die spoed van flippen wit lig. Ek wil hê hy moet stop. Ek bid vir die eerste keer in 22 jaar. Dit werk, ons maak weer gelyk. Toe slaan ons daai tweede kurwe.

Korter radius as die eerste. Ons moer so vinnig daar deur dat ek een van my plakkies verloor. Eers onderstebo, dan deur twee reghoekige draaie waartydens ek tien jaar ouer word. En toe kurk-flippen-trekker hy met ons.

Klits daai flippen broodjie en die melk laat dit lyk soos daai gemors wat jy oor bobotie gooi. Nog 'n draai en, ag te hel daarmee, traak nie wat vrouetjie of die wêreld van my dink nie, toe skree ek soos 'n Namibiese vlaktevlermuis wat se sonar gekalf het. Ons kom daai stasie binne teen 200 km/h en net vir die grap en net vir die pret, brik hy doodstil binne 10 tree. Ek sit net daar, versteend, te bang om te roer. Alles

in een slag verloor. My trots, my valstande en my worsbroodjie.

Vroutjie wil nog soos 'n wafferse Eva, ooo! en aaa! en kom ons ry weer die slang, maar ek bly dikbek en naar en hou voet by stuk ek wil huis toe gaan.

Die slang in die paradys was sekerlik ook 'n Anakonda.

Antwoord op Breinboelie:

Ek is 'n slang.

WEN 'N BOEKPRYS

Die wedstryd vir die boekprys *Seerowers, Kameelkoppe en Rrissies vir Tee'* sluit einde Maart.

Die vraag is: Op watter treinprojek het Hennie gewerk tydens die 200ste uitgawe van Kammanuus?

Stuur jou antwoord aan

pos@onsdorp.com met net een van die volgende woorde in die onderwerplyn: Korea, Taiwan of Gautrein.

**Jou volgende
KAMMANUUS
val op 12 APRIL in jou posbus.**